higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

29 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 A
1.3 A
1.4 C
1.5 C
1.6 A
1.7 A
1.8 A
1.9 B
1.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 I
2.2 D
2.3 A
2.4 G
2.5 J
2.6 B
2.7 C
2.8 E
2.9 F
2.10 H
2.11 O
2.12 N
2.13 K
2.14 L
2.15 M

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 3

3.1 Onwaar
3.2 Waar
3.3 Waar
3.4 Waar
3.5 Onwaar
3.6 Waar
3.7 Waar
3.8 Waar
3.9 Onwaar
3.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
1. Skeduleer tyd vir waarneming en hou die regte werktuie byderhand om jou waarnemings aan te teken.
2. Bly uit die kinders se pad sodat hulle ononderbroke kan speel.
3. Wees objektief wat jou waarnemings betref. Moenie insluit wat na jou mening of gevoel gebeur het nie; beskryf eerder wat die kind werklik gedoen of gesê het.
4. Dit kan nodig wees om 'n kind van een aktiwiteit na die volgende te volg.
5. Moenie met ander volwassenes gesels wanneer jy waarneem nie. (5 × 2) (10)

4.2
1. Modderspel moedig kreatiewe denke aan. Om met veelsydige materiale soos modder te speel, stimuleer kreatiwiteit en die verbeelding.
2. Modder is 'n wonderlike kunsmedium. Modder kan gevorm en versier word en dit reageer anders as sand of speeldeeg.
3. Om in die modder te speel, help om positiewe eienskappe te ontwikkel. Modderspel bied aan kinders 'n ruimte waarin hulle vir 'n rukkie alleen 'n kalmerende sensoriese ervaring kan beleef.
4. Modderspel bied geleenthede vir kinders om met portuurs te speel terwyl hulle kommunikeer, onderhandel, deel en saamwerk.
5. Modderspel verbind die voorskoolse kind met die natuur. Dit skep gelukkige herinneringe aan die natuur.
6. Modderspel bied ruimte vir 'n ontspanne terapeutiese gebeurtenis. (5 × 2) (10)

4.3
1. Wasgoedlyn, klere en wasgoedpennetjies
2. Items wat by bakwerk gebruik kan word
3. Klere-items vir fantasiespel (insluitend handsakke, skoene en hoede)
4. 'n Doktertassie
5. Speelgoedskootrekenaar
6. Kasregister
7. Inkopietrollie
8. Enige ander geskikte hulpmiddels en materiale, insluitend klere en bokse. (5)

4.4
1. Oggendkringetjie – Praat met die kinders oor die uitstappie. Moedig hulle aan om aan die gesprek deel te neem deur kleure, reuke en so meer te beskryf wat hulle met die uitstappie verbind.
2. Kreatiewe werk – Wys hulle die plakboek en verduidelik dat hulle elkeen iets gaan byvoeg wat hulle aan die uitstappie herinner, soos 'n tekening, 'n geperste blom of iets wat hulle onthou.
3. Wetenskap – Kinders kan gebruik wat hulle tydens die uitstappie bymekaargemaak het om waar te neem, te klassifiseer, te eksperimenteer, te voorspel, gevolgtrekkings te maak, en hul idees aan andere oor te dra.
4. Musiek en beweging – soos dit met bome, blomme en die natuur verband hou
5. Storiebou of -heropbou – Bied geleenthede vir kinders om stories uit te dink, te bou of te rekonstrueer uit voorwerpe wat hulle bymekaargemaak het. Dit kan in groepe of met die hele klas gedoen word. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.5
1. Kinders kan oor goeie tandesorggewoontes leer – om tande te borsel, te vlos, mond uit te spoel, gereelde tandartsbesoeke, gesonde eetgewoontes.
2. Kinders sien instrumente wat 'n tandarts gebruik.
3. Kinders kan inligting deel en vrae vra.
4. Die onderwyser kan lesse beplan wat verband hou met wiskunde, speletjies en beweging, rympies en liedjies.
5. Kinders bring 'n gesonde kossoort van die huis af. (5)

4.6
1. Kinders kan bedankingskaartjies vir die tandarts maak.
2. Die oggendkringetjie kan praktiese demonstrasies insluit oor hoe om tande te borsel en te vlos.
3. Oggendkringetjie versterk tandarts se instruksies oor hoe om jou tande korrek te versorg.
4. Musiekkringetjie – liedjies en rympies wat met mondhigiëne verband hou
5. Kreatiewe aktiwiteitswerk oor goeie tandgesondheidgewoontes – kryte, verf.
6. Vertel/lees 'n storie oor mondhigiëne.
7. Fantasiespel – stel die toneel op met rekwisiete wat die tandarts se spreekkamer voorstel
8. Legkaarte oor tandgesondheidgewoontes.
9. Boeke oor mondhigiëne in die boekafdeling.
10. Borsel tande gedurende roetineperiodes. Motiveerders soos 'n beloningkaart kan gebruik word om die borsel van tande aan te teken. Dit help om goeie gewoontes te vestig. Gee kinders plakkers om hulle aan te moedig om tande te borsel. Gee sertifikate om prestasie te erken.
11. 'n Daaglikse aktiwiteit: versoek kinders om elke dag 'n gesonde kossoort in 'n sak van die huis af te bring. Alle kinders kan raai watter kossoort in die sak is. (10)

[50]

VRAAG 5

5.1
1. Kinders begin leer oor die weer, kleredrag en ander dinge wat met elke seisoen gepaard gaan.
2. In die lente kan jy reënweer of wind verwag, plante begin blom, vlieërs in die lug en babadiertjies. In die winter is die bome kaal.
3. Hulle kan elke seisoen benoem asook 'n aktiwiteit wat hulle met daardie seisoen assosieer.
4. Dit bied die geleentheid om met kinders te praat oor hoe belangrik dit is om op jou hoede te wees as slegte weer op pad is en wat om te doen as 'n ernstige storm of natuurramp plaasvind.
5. Kinders kan elke dag se temperatuur, reënval, humiditeit, en so meer aanteken. (5 × 2) (10)

5.2
1. Die kinders klim in 'n hoepel en hou dit op die vlak van die middellyf. Verduidelik dat dit hul 'motor' is en dat hulle nie enigiemand anders s'n mag stamp nie. Gee woordaanwysings, byvoorbeeld stop en ry, staan op en gaan sit.
2. Plaas enkele leë plastiekbottels in 'n ry. Kinders staan 'n entjie weg van die bottels en rol 'n bal om die bottels om te stamp.
3. Blaas borrels (die kinders kan dit ook doen). Wanneer die borrels sweef, kan die kinders hulle met die vingers 'bars' of dit vang.
4. Kinders staan in 'n ry agter mekaar. Die leier beweeg/vleg heen en weer en al die kinders sing 'n liedjie oor 'n trein (bv 'So ry die trein, so ry die trein, Kimberley se trein'). Die heel agterste kind kom vorentoe en lei die trein totdat al die kinders die kans gehad het om die leier te wees. (4 × 2) (8)

5.3
1. Neem die kinders na die aktiwiteitsarea en verduidelik die aktiwiteite wat in die hoofaktiwiteit aangebied word.
2. Kinders beweeg soos mnr Snaaksie – stap op 'n lawwe manier; mnr Wiggel-Waggel – wikkel en skud die liggaam en arms/bene; mnr Agteruitloop – loop agteruit; mnr Sywaartsloop – loop sywaarts. (2 × 2) (4)

5.4
1. Kinders help om op te ruim terwyl hulle die opruimliedjie sing.
2. Hulle lê en maak bewegings volgens verskillende pastasoorte, byvoorbeeld spaghetti – liggaam in 'n reguit lyn; noedels – draai en vleg en ontspan. (2 × 2) (4)

5.5
1. sportbyeenkomste
2. konserte
3. kinderuitstallings
4. uitstappies
5. Dien in die komitees of raadgewende liggame as ouerverteenwoordiger
6. Projekte soos die nuusbrief het dalk 'n redakteur nodig
7. in sy/haar kind se groepe
8. biblioteekdienste
9. administratiewe werk in skoolkantoor
10. Maak kos vir 'n geleentheid by die skool
11. Werk in 'n ouerhulpbronsentrum of help om een te vestig. (10 × 1) (10)

5.6
1. Kleuterskoolgemeenskap vier die jaar wat hulle gedeel het.

2. Bou verhoudings tussen personeel en ouers en tussen die ouers onderling. Kinders baat by hierdie positiewe verhoudings.
3. Ouers leer die ouers van hul kind se maats ken. Dit bevorder sosialisering onder ouers weg van die kleuterskool. Dit is 'n goeie manier om kinders gemaklik te laat voel.
4. Dit skep 'n gevoel van prestasie en eiewaarde onder die kinders.
5. Kinders en ouers leer dat dit heeltemal normaal en aanvaarbaar is as jy nie aan iets wil deelneem nie.
6. Repetisies is 'n nuttige leerhulpmiddel vir kinders wanneer hulle vir die konsert oefen.
7. Dit bevorder besprekings oor die feit dat baie mense gaan kom kyk, dat hul gesinne daar sal wees, oor kameras se flitsende ligte. Dit is ook belangrik om oor hul vrese of bekommernisse rakende die konsert te praat.
8. Laat hulle besef dat die konsert vermaaklik en prettig is, en dat hulle dit moet geniet.
9. Moedig ouers aan om vir die kinders te verduidelik dat 'n konsert prettig is.
10. Lig ouers in oor wat om te verwag en beklemtoon dat personeel daar sal wees om kinders te ondersteun.
11. Moedig gesinne aan om konserte by te woon en te geniet. Ouers moet hul kinders aanmoedig om deel te neem, maar nie bekommerd te wees as hulle nie wil deelneem nie. (10 × 1) (10)

5.7
1. Lugvervoer
2. Om na ons wêreld om te sien
3. Dag en nag
4. Vuur/brand (4)

[50]

VRAAG 6

6.1
1. Wanneer kinders leer om te teken, het hulle 'n geleentheid om vrye teuels aan hul verbeelding te gee. Hulle leer om iets voor hul geestesoog te sien, daardie beelde op papier te teken en hulle begin begryp dat die tekening 'n voorstelling/uitbeelding van iets is.
2. Kinders eksperimenteer met alle soorte merke/tegnieke, sonder enige reëls, en skep abstrakte werk. Aangesien daar geen reg of verkeerd is wat die verbeelding betref nie, kan dit bevrydend vir jong kinders wees om te teken.
3. Kinders gebruik verskillende materiale, soos kryt, vetkryte, glimpenne, potlode, uitveërs, koerantpapier, rekenaar, muurpapier, boeke, tydskrifte, katalogusse, gebruikte geleentheidskaartjies en gekleurde papier.
4. Wanneer kinders teken, begin hulle om die wêreld in meer besonderhede te bestudeer. Hulle leer om na agtergronde en voorwerpe te kyk en vergelyk en kontrasteer dinge in hul wêreld.
5. Om te teken leer kinders om besluite te neem en verbeter visuele en fynmotoriese vaardighede.
6. Om te teken gee die kind tyd om te konsentreer. Wanneer die potlood in die een hand gehou word, 'n stuk papier met die ander hand op 'n oppervlak platgedruk word, en die oë fokus, word die kind se aandag- en konsentrasievaardighede geoefen. Dit verbeter ook die kind se aandagspan, aangesien hulle eers net een voorwerp teken, en uiteindelik 'n hele prent teken. (Enige 5 × 2) (10)

6.2
1. Die tafel moet groot genoeg wees. Die tafel en uitstalling moet op die kind se ooghoogte wees.
2. Die tafel moet verkieslik 'n rand hê om te voorkom dat voorwerpe maklik van die tafel afval.
3. Daar moet genoeg ruimte om die tafel vir ekstra tafels wees.
4. Die tafel moet aantreklik wees en in 'n stil area geplaas word waar kinders beter kan konsentreer.
5. Kinders ontdek deur middel van hul sintuie. Hou dit in gedagte by jou keuse van items.
6. Geen voorwerpe moet 'n gevaar vir kinders inhou as hulle dit onafhanklik gebruik nie. Wys kinders die korrekte manier om die voorwerpe op die tafel te gebruik en te hanteer.
7. Moenie te veel items gelyktydig uitstal nie. Jy kan die aantal items wat uitgestal word, vermeerder.
8. Plaas ontdekkingshulpmiddels byderhand, soos 'n maatband, vergroot-glas of weegskaal. (Enige 5 × 2) (10)

6.3 Koerant; papierborde; muurpapiermonsters; papierhanddoeke; hout, lap/doek, bokse; sand; blare; teëls (10 × 1) (10)

6.4
1. Kinders druk hul gedagtes, kennis en idees uit. Kinders verken, eksperimenteer en skep deur nuwe en verskillende media te gebruik.
2. Hulle eksperimenteer met kleure, lyne, vorms, teksture en ontwerpe.
3. Hulle druk gevoelens en emosie uit. Dit gee die kind ’n geleentheid om te verken, sy wêreld te ondersoek en sy gevoelens deur middel van sy/haar verfwerk te verwoord.
4. Kinders is kreatief. Dit gee die kind ’n geleentheid om te verken, sy wêreld te ondersoek en sy gevoelens deur middel van sy/haar verfwerk te verwoord.
5. Die kind ontwikkel 'n positiewe selfbeeld. Die kind se selfvertroue neem toe wanneer hy/sy sekere vaardighede bemeester en iets skep.
6. Verfaktiwiteite is terapeuties. Dit is kalmerend en ontspannend en bied geleenthede vir die kind om op ’n aanvaarbare manier van sy/haar frustrasie, woede en oortollige energie ontslae te raak.
7. Die kind ontwikkel intellektueel. Daar is geleenthede vir probleemoplossing en besluitneming. Daar is geleenthede vir taalontwikkeling. Nuwe konsepte word aangeleer.
8. Daar is geleenthede vir die ontwikkeling van visuele en motoriese koördinasie. Oog-hand-koördinasie ontwikkel.
9. Die kind se sintuie ontwikkel. Sy/haar estetiese bewustheid ontwikkel.

(Enige 5 × 2) (10)

6.5
1. Kitaar
2. Klavier
3. Glockenspiel
4. Xilofoon
5. Marimba
6. Handklokkies (5 × 1) (5)

6.6
1. marakkas
2. houtblokies
3. lepels, driehoeke
4. simbale
5. ratels
6. ghongs
7. ritmestokkies (5 × 1) (5)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou